# MIDSTREAM COLLEGE

Omsendskrywe 14/2023
21 September 2023

☎ 012 661 2341
college@midstreamcollege.co.za

# SKOOLSAKE

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

*Gratitude makes sense of our past, brings peace for today, and creates a vision for tomorrow.*
*Melody Beattie*

Op die vooraand van ons lentebreek wil ek graag elke leerder, onderwyser en ouer vir julle aandeel in hierdie besondere, geseënde kwartaal bedank. Daar was uitsonderlike prestasies hierdie kwartaal: Die meisiemuurbalspan wat SA kampioene is, die eerste rugbyspan se verowering van die Noordvaal-trofee, die o. 14-seuns- en -meisiehokkiespanne se derde plekke in die Noordvaal A-kompetisie, ons netbal- en sagtebalspanne wat verskeie ligas gewen het, asook die revue, Melodia, Ensemble en drama se prestasies.

Die onderskeie kampe het goed afgeloop. Baie geluk ook aan die graad 10's wat die negende Odyssey oorwin het. Veni, Vidi, Vici! 'n Saluut aan die ouers wat julle kinders hierdie geleenthede gegun het. 'n Groot dankwoord ook aan elke leerder en ouer wat ons jaarlikse SpringFest ondersteun het. Die skuif van die verhoog het tot die ongelooflike atmosfeer bygedra. Die inkomste help onder andere om die Odyssey en laerskole se graad 7-kampe moontlik te maak.

Ek wil graag 'n beroep op elke ouer doen om die College asseblief te ondersteun. Ons kan julle kinders slegs onderrig en opvoed as hulle voluit by ons aktiwiteite inskakel. Daar is ongelukkig heeltemal te veel leerders wat weens onbenullighede afwesig is. Ons kalender vir 2024 en 2025 is vir verwysing ingesluit. Ons het oorgenoeg vakansies gedurende die skooljaar, dus word u versoek om seker te maak dat u kinders gedurende die kwartaal by die skool is.

Ons doen ons bes om die verhoging so klein as moontlik te hou, maar terselfdertyd steeds kwaliteitonderwys te waarborg. Onthou asseblief dat u 'n kwartaal kennis moet gee indien u voorsien dat u kind die skool aan die einde van die jaar gaan verlaat.

Verder glo ek dat elke graad 12-leerder hul rekordeksamen oorleef het. Sterkte ook met die opkomende lenteskool, matriekafskeid en met die voorbereiding vir julle eindeksamen. Ek hoop om alle gr.12-ouers op Vrydag 13 Oktober om 07:30 by hul ghongfunksie by die College te sien.

Graag nooi ek elke ouer uit na ons volgende Koffie-met-Carel-geleentheid. Hierdie kuier is vir Donderdag 12 Oktober om 07:30 in die HUB geskeduleer. Kontak asseblief vir Debbi (dwestwood@midstreamcollege.co.za) indien u dit wil bywoon.

Laastens, maar allermins die minste, Bon Voyage aan die onderwysers en 93 leerders wat die naweek na Amsterdam vlieg vir ons Europese toer. Sterkte ook aan mee Clark en Verster en 21 graad 11-leerders wat reeds môre op die tweede been van die jaarlikse Belgiese-uitruil vertrek.

Mag julle almal 'n wonderlike Erfenisdag beleef. *Go Bokke! Stronger together!*

## 2024-SKOOLFOOIE

| Skoolfooie 2024 | | | | | | It-fooie 2024 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Graad | 2023 | Verhoging | 2024 | Maande | Per maand | 2023 | Verhoging | 2024 |
| 8 | 74 600 | 6.43% | 79 400 | 10 | 7 940 | 840 | 6.5% | 890 |
| 9 | 79 000 | 6.46% | 84 100 | 10 | 8 410 | 1 110 | 6.5% | 1 180 |
| 10 | 82 400 | 6.55% | 87 800 | 10 | 8 780 | 1 390 | 6.5% | 1 480 |
| 11 | 82 400 | 6.55% | 87 800 | 10 | 8 780 | 1 390 | 6.5% | 1 480 |
| 12 | 82 400 | 6.55% | 87 800 | 10 | 8 780 | 1 390 | 6.5% | 1 480 |

## SKOOLKALENDER

| 2024 | 2025 |
|---|---|
| 17 Januarie – 20 Maart | 15 Januarie – 20 Maart |
| 9 April – 14 Junie | 8 April – 27 Junie |
| 10 Julie – 20 September | 22 Julie – 26 September |
| 9 Oktober – 5 Desember | 14 Oktober – 3 Desember |

## TELEFOONKOMMUNIKASIE

Die gereelde beurtkrag het 'n nadelige uitwerking op ons telefoonstelsel. Stuur asseblief 'n e-pos aan die betrokke party indien u ons nie tydens beurtkrag kan kontak nie. Alle personeel se e-posadresse word op ons webwerf onder Personeel onder die *Oor Ons Tab* gelys.

# AKADEMIE

## AFRIKAANS HUISTAAL OLIMPIADE

Die volgende leerders was in die top-50 van hierdie nasionale olimpiade:
Cara-Renette Ponting, Renate Maré, Kian Francis, Wihan Cilliers and Leané Claasen.

## VAKVERANDERINGE

Geen vakveranderinge kan in die vierde kwartaal geakkommodeer word nie, aangesien die eindeksamen reeds op 9 November begin.

# KULTUUR

## (p)ARTICIPATE

Ons is tans besig met ons eerste week van uitdunrondtes van ons jaarlikse kultuurfees, (p)Articipate. Meer inligting oor die uitdunrondtes is op ons webwerf beskikbaar. Die gala-aand is vir 19 Oktober geskeduleer en beloof om 'n onvergeetlike aand te wees om die *Roaring 20's* te herdenk.

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLKULTUUR

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolkultuuraktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van kultuur, dr Steyn de Bod (sdebod@midstreamcollege.co.za) te stuur.

### ARTISTICULTA

Kaleigh Reddy het aan die vioolafdeling deelgeneem en twee A+'e en een A++ behaal.

# SPORT

## LANDLOOP

Nege van ons atlete (Carmia van den Berg, Jané Male, Lente Groenewald, Zabine von Westernhagen, Déan Fourie, Juan Breytenbach, Xavier van der Leek, Rupert Groenewald en Eben de Wit) het Gauteng-Noord by die SA Kampioenskap, wat verlede week in Gqeberha gehou is, verteenwoordig.

Die volgende atlete het onder die top-20 geëindig:

| Afdeling | Atleet | Plek |
|---|---|---|
| Seuns o. 14 | Rupert Groenewald | 4de<br>(1ste Gauteng-Noord-spankompetisie) |
| Junior mans | Eben de Wit | 15de |

Me Simoné Botha (landlooporganiseerder) het 6de in haar ouderdomsgroep geëindig.

## KRIEKET

| Opponent | Uitslae | Kommentaar |
|---|---|---|
| 1ste | | |
| Oos-Moot | Oos-Moot 133/10<br>Midstream 87/10<br>Verloor met 46 lopies | Janco van Heerden 3/14 in 4 beurte |
| Montana | Midstream 217/10<br>Montana 167/10<br>Wen met 51 lopies | Janco van Heerden 30<br>Dian de Villiers 63<br>Jordan le Roux 41<br>Xander Senekal 37<br>Rikus Cilliers 32 & 1/19 in 8 beurte<br>Luke Wiseman 3/23 in 8 beurte<br>Jordan le Roux 3/25 in 8 beurte |

| | | |
|---|---|---|
| **2de** | | |
| Garsfontein 3 | Midstream 222/8<br>Garsfontein 223/3<br>Verloor met 7 paaltjies | Conré van den Berg 81<br>Christian Olwagen 32<br>Grant Muller 1/17 in 6 beurte |
| Waterkloof | Waterkloof 251/10<br>Midstream 70/10<br>Verloor met 181 lopies | Christian Olwagen 4/30 in 6 beurte<br>Jonathan Wiseman 2/26 in 8 beurte |
| **3de** | | |
| Centurion | Midstream 127/8<br>Centurion 129/6<br>Verloor met 2 paaltjies | Liam van der Merwe 50<br>Kian Francis 3/18 in 4 beurte |
| Cornwall Hill | Midstream 137/6<br>Cornwall Hill 119/8<br>Wen met 18 lopies | Kian Francis 52<br>Grant Muller 4/19 in 4 beurte<br>Kian Francis 2/6 in 3.2 beurte |
| **o. 15A** | | |
| Pretoria-Noord | Midstream 375/8<br>Pretoria-Noord 131/10<br>Wen met 244 lopies | Ryan Strauss 146 n.u.n.<br>Jonathan Wiseman 58<br>Rikus Cilliers 5/35 in 8 beurte<br>Wian de Bruin 2/11 in 4 beurte |
| Montana | Montana 250/7<br>Midstream 251/6<br>Wen met 4 paaltjies | Jonathan Wiseman 2/40 in 10 beurte<br>Rikus Cilliers 2/42 in 10 beurte<br>Christian Olwagen 2/36 in 10 beurte<br>Ryan Strauss 74<br>Maarten Nortjé 51<br>Wian de Bruin 41 n.u.n. |
| **o. 15B** | | |
| Sutherland | Sutherland 100/10<br>Midstream 101/5<br>Wen met 5 paaltjies | Ethan Poggenpoel 5/11 in 4 beurte<br>Francois Senekal 51 |
| Garsfontein C | Midstream 200/6<br>Garsfontein 81/10<br>Wen met 120 lopies | Francois Senekal 80<br>Heinrich du Preez 4/11 in 4 beurte |
| **o. 14A** | | |
| Pretoria-Noord | Pretoria-Noord 83/10<br>Midstream 87/2<br>Wen met 8 paaltjies | Eckhardt du Toit 32 n.u.n.<br>Tehan Maré 21 n.u.n.<br>Ruben Howatt 3/14 in 4 beurte<br>Matthew Wiggill 3/10 in 3 beurte |
| John Vorster | John Vorster 10/10<br>Midstream 11/0<br>Wen met 10 paaltjies | Ruben Howatt 2/3 in 3 beurte<br>Johann Boshoff 7/7 in 3.4 beurte |
| Montana | Midstream 216/9<br>Montana 220/4<br>Verloor met 6 paaltjies | Dylan Coleridge 50<br>Eckhardt du Toit 43<br>Johann Boshoff 2/25 in 2 beurte |

| o. 14B | | |
|---|---|---|
| Eldoraigne B | Midstream 129/3<br>Eldoraigne 67/10<br>Wen met 62 lopies | Tsebo Motjiyeng 51 n.u.n. & 4/13 in 4 beurte |

## GHOLF

| Span | Uitslag |
|---|---|
| 1ste | Eindig 3de tydens die vyfde rondte ligawedstryde. Hulle het die seisoen in die derde plek afgesluit. |
| 2de | Wen hul afdeling en sal volgende kwartaal by uitspele betrokke wees. |
| 3de | Wen Erasmus 3 – 1. |

## SEWESRUGBY

Uitslae van die o. 15-toernooi by Montana:

| Opponent | Uitslag |
|---|---|
| Montana | Verloor 21 – 29 |
| Curro Hazeldean | Wen 24 – 0 |
| Centurion B | Wen 41 – 5 |
| Menlopark | Verloor 17 – 31<br>(Kwarteindrondte) |
| Eldoraigne | Wen 22 – 10<br>(Semifinaal – plaat) |
| Centurion A | Wen 19 – 12<br>(Finaal – plaat) |

## SOKKER

Uitslae van die wedstryde teen Sutherland:

| Span | Uitslag |
|---|---|
| o. 15 | 2 – 1 |
| 1ste | 3 – 4 |

## ERKENNING VAN NIE-SKOOLSPORT

Ons wil graag erkenning gee aan leerders wat in nie-skoolsportaktiwiteite uitblink. U is welkom om enige bewys, inligting en sertifikate aan die hoof van sport, mnr Henry Verster (hverster@midstreamcollege.co.za), te stuur.

### SKAAK

Luke Reyneke en Arun Gounder het aan die Etienne Lewis Individuele Geslote Kampioenskap deelgeneem en is onderskeidelik in Tshwane se o. 15A- en o. 15B-spanne ingesluit.

### SWEM

Adrian van Wyk is vir die SA junior span gekies wat volgende week aan die Namibiese kortbadkampioenskap in Swakopmund deelneem.

**TENNIS**

Jayden Summers het verlede week in die dubbelspel tot die halfeindrondte van die J100 ITF-toernooi deurgedring.

**RUGBY**

Kieran Silver en Juan-Hendrik van Aswegen is vir die Blou Bulle-jeugklubs gekies om onderskeidelik die Blue Torro se o. 14- en o. 15-span tydens 'n interprovinsiale toernooi te verteenwoordig.

# ALGEMEEN

## KLEREWINKEL

Hiermee die besigheidsure tydens die September/Oktober-vakansie:

- 23 September: 07:00 – 15:00
- 24 September tot 4 Oktober: Gesluit
- 5 & 6 Oktober: 08:00 – 16:00
- 9 Oktober: 08:00 – 17:00
- Vanaf 10 Oktober: 07:00 – 17:00

Skakel 064 937 0551 vir dringende navrae.

## SPRINGFEST




**KOM ONS KOMMUNIKEER:**
Vir alle omsendbriewe, sowel as ander inligting, kan u ons besoek of kontak by:

- www.midstreamcollege.co.za
- Facebook (soek Midstream College)
- Instagram (midstream_college)

**VOLGENDE OMSENDBRIEF**
Donderdag 21 Oktober 2023